

Donderdag 28 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 11:1-15

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 11:3-4 (1983-vertaling)

Bly in die waarheid

Ons leef in 'n wêreld waar daar soveel stemme is. Stemme wat verlei. Stemme wat vals is en stemme wat dwaalleer verkondig. Vir baie mense is dit vandag 'n groot krisis om vas te stel wie geglo moet word en wat die waarheid is. Hierdie onsekerheid maak dat hulle begin wankel in hulle geloof. 'n Ander evangelie as wat in God se Woord openbaar word, word dan aangehang en as waar aanvaar.

Dit is ook waarvoor Paulus bang was gebeur in die gemeente in Korinte. Hy was bang dat hulle weggelei sou word van hulle onverdeelde en suiwere toewyding aan Christus. Maar hoe is dit moontlik? Hoe kan 'n gemeente, hoe kan iemand wat die Here eens met suiwere toewyding gedien het, nou verlei word tot 'n valse geloof? Daar dreig twee gevare, naamlik die listigheid van Satan, maar ook die liggelowigheid van die mense.

Hoe weet ons nie hoe subtiel Satan met sy verleiding kan wees nie! Hy ry op die rug van die waarheid en stuur sogenaamde apostels en leraars wat die regte woorde gebruik, maar deur subtile valshede wat na kleinigheid lyk, 'n ander Jesus en evangelie verkondig as wat God in sy Woord openbaar. Iets soos: "Jesus het jou gered ja, nou kan jy maar leef soos jy wil", of: "Tye het verander en wat toe gesê is, is nie meer van toepassing op ons nie", of: "Dat ek glo, is al wat tel, nie wat ek glo nie." Met hierdie vleitaal word liggelowige mense verlei en mislei om 'n leuen te glo waar 'n ander gees en ander evangelie dan aangehang word.

Ons hoef egter nie te wonder wat die waarheid is nie, want God gee aan ons sy Woord en ons lees in 2 Timoteus 3:16: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek ... " Toets daarom altyd wat verkondig word aan God se Woord, biddend onder leiding van die Heilige Gees.

Sing: Psalm 25-1:2

Ds. LP van Jaarsveld (Leon) (Brakpan)